LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 7
28 Februarie 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

REKENINGE
Die skoolfondsrekeninge gaan Maandag uit. Maak seker dat u dit ontvang.

GRAAD 1 EERSTE-DAG-FOTO'S
Die Graad 1's se eerste-dag-foto's kan nou bestel word.

Die koste vir die pakket is R75.
Dit sluit in:
1 – 15 x 20cm foto en 4 - Jumbo's.

Stuur asseblief die korrekte bedrag na die klasonderwyseres.

REDENAARS
Almal wat hierdie kwartaal aan die redenaars gaan deelneem, moet hulle temas Maandag, 2 Maart 2020 vir Juffrou Mari Swiegers gee.

KOPLUISE
Dit het onder ons aandag gekom dat daar kopluise in die skool is. Sal u asseblief so vriendelik wees om u kind se kop deeglik te ondersoek en indien nodig, die korrekte middel aan te wend. Raadpleeg die apteek.

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK SOOS OP DIE KALENDER

2 Maart	Tennis Niko Brummer (t) 2de Spanne
	Skaak teen Niko Brummer
3 Maart	Interskole Atletiek Union/LVS (by LVS)
5 Maart	EBW Gr 7
	Provinsiale Atletiek Hoërskole Oos-Londen
	Inter Distrikte Gala
6 Maart	WISK Gr 4 + 7/ NW Gr 5 + 6
	Provinsiale Atletiek Hoërskole Oos-Londen
7 Maart	Weppie Preppie Familiedag
	Provinsiale Atletiek Hoërskole Oos-Londen
9 Maart	NW Gr 4 + 7
	WISK Gr 5 + 6
	Skaak Graaff-Reinet
10 Maart	AFR Gr 4 + 7
	ENG Gr 5 + 6

11 Maart	ENG Gr 4 + 7
	AFR Gr 5 + 6
	GRT Netbalproewe o.12 + o.13
12 Maart	TEG Gr 7
13 Maart	Provinsiale Atletiek Laerskole Cradock
	o.8 + o.9 Netbal teen Karel Theron
	Netbalkliniek
14 Maart	Despatch Festival
	Boogskiet (t)
	Provinsiale Atletiek Laerskole Cradock
	Lorraine Hokkie + Rugby
	Netbalkliniek

Almal moet asseblief hulself vergewis van datums soos hierbo aangedui. Die skool het die organiseerders van die Inter Distrikte Gala en netbalproewe versoek vir 'n aanpassing maar ons was onsuksesvol.

Datums van Netbalproewe is as volg:
Graaff-Reinet proewe: 11 Maart (soos hier bo)
Beyers Naudé proewe: 17 Maart

SPORT

SWEM
Laer Volkskool het op 25 Februarie 2020, aan die Karoo Interskole Swemgala deelgeneem. Dit was 'n goeie dag in die water vir Volkskool. Laer Volkskool wen die gala met 6 punte. Aidan Thiart het die Victor Ludorum verower en deel die beker met Matthew Paxton van Union. Baie geluk aan al die swemmers wat aan die gala deelgeneem het. Ons is trots op julle!

Volgenge week se skoolswem is slegs vir die Karoospan-swemmers wat 5 Maart in Grahamstad deelneem. Hulle oefen Maandag, Dinsdag en Woensdag vanaf 2 – 3 by Corlé.

TOP 8 GALA
Baie geluk aan Aidan Thiart en Zenicke van Schalkwyk wat gekwalifiseer het vir die top 8 gala wat vanaand in PE plaasvind. Alle sterkte aan hierdie twee swemmers. LVS is baie trots op julle!

SKAAK
Die eerste 10 spelers speel Maandag, 2 Maart teen Niko Brummer. Die wedstryd begin 14:30. Daar sal dus geen skaak vir die beginners wees nie.

ATLETIEK
Die volgende leerlinge het baie goeie prestasies tydens die Sarah Baartman Atletiekbyeenkoms in Port Elizabeth op 21 Februarie behaal. Baie geluk!

DEELNEMER	ITEM	PLEK	TYD / AFSTAND
Deidré Alberts D/10	100m finaal	1ste	15:50m
	80m finaal	1ste	12.07
	Verspring	1ste	3.38m
Marizel Marais D/10	70m hekkies finaal	1ste	15.44
	Verspring	2de	3.18m
Alecia Louw D/11	100m finaal	3de	14.75
	70m hekkies finaal	1ste	13.65
	80m finaal	3de	11.70
Youven Kiewiets S/13	80m hekkies	4de	14.72
Elromeo van Heerden S/13	Gewigstoot	1ste	9.13m

Baie geluk aan die volgende atlete wat opgeneem is in die Sarah Baartman Atletiekspan wat op 13 en 14 Maart in Cradock aan die Oos-Kaap Atletiek byeenkoms sal deelneem.

DEELNEMER	**ITEM**
Deidré Alberts D/10	80m ; 100m verspring
Marizel Marais D/10	70m hekkies; verspring
Alecia Louw D/11	70m hekkies; 80m; 100m
Vincent Pienaar S/11	1200m
Elromeo van Heerden S/13	Gewigstoot
Youven Kiewiets S/13	80m hekkies

INTERSKOLE ATLETIEK – 3 MAART LVS
Gr 4 – 7 verdaag 13:00
Gr 1 + 2 verdaag 12:30
Gr 3 verdaag 13:00
Atlete moet asseblief om 13:45 by die veld aanmeld. Byeenkoms begin stiptelik om 14:00. Geen ander sport behalwe Interskole Atletiek.

KRIEKET
Die o.9 krieketspan het op 26 Februarie teen Cradock Voorbereiding gespeel. Die uitslae is as volg: Laer Volkskool verloor met 2 lopies. Eben Lötter het 2 vangskote en 1 paaltjie geneem en ‘n goeie uithardloop behaal.

Die o.11 krieketspan het op 26 Februarie teen Home School gespeel en met 9 paaltjies gewen.

NETBALKLINIEK - 13 EN 14 MAART
Die naweek van 13 en 14 Maart bied Reg Sharp vir ons ‘n Netbalkliniek aan. Die o.7 tot o.13 dogters gaan hieraan deelneem. Die groepe sal in spanverband deelneem. Ons sal later meer inligting deurgee vir die dogters wat gekies sal word om deel te neem. Geen kostes is hieraan verbonde nie, danksy ons borge wat al die kostes dek.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

DIE UITNODIGING

Elke dag is ‘n kans, ‘n uitdaging
om vreugde in iemand se lewe te bring;
om die lewe vir ‘n ander makliker te maak
en daardeur self ook geluk te smaak.

Psalm 68:20

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803